basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2025

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A✓	*Onthou, matig (Verken, p.171; Suksesvol, p.191)*	(1)
	1.1.2	C✓	*Verstaan, maklik (Verken, p.141,174; Suksesvol, p.193)*	(1)
	1.1.3	D✓	*Verstaan, maklik (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)*	(1)
	1.1.4	B✓	*Verstaan, matig (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)*	(1)
	1.1.5	D✓	*Verstaan, matig (Verken, p.164-165; Suksesvol, p.182)*	(1)
	1.1.6	C✓	*Onthou, matig (Verken, p.90; Suksesvol, p.106–107)*	(1)
	1.1.7	D✓	*Onthou, maklik (Verken, p.94; Suksesvol, p.113–114)*	(1)
	1.1.8	C✓	*Onthou, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.83)*	(1)
	1.1.9	B✓	*Verstaan, maklik (Verken, p.103; Suksesvol, p.123)*	(1)
	1.1.10	A✓	*Onthou, maklik (Verken, p.104; Suksesvol, p.125)*	(1)
	1.1.11	B✓	*Verstaan, maklik (Verken, p.54; Suksesvol, p.57)*	(1)
	1.1.12	B✓	*Toepassing, matig (Grade 11)*	(1)
	1.1.13	C✓	*Onthou, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*	(1)
	1.1.14	A✓	Onthou, *maklik (Verken, p.119; Suksesvol, p.139)*	(1)
	1.1.15	D✓	*Verstaan, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*	(1)
	1.1.16	B✓	*Verstaan, maklik (Verken, p.30-31; Suksesvol, p.30)*	(1)
	1.1.17	B✓	*Onthou, maklik (Verken, p.19; Suksesvol, p.23)*	(1)
	1.1.18	A✓	*Verstaan, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.35)*	(1)
	1.1.19	D✓	*Verstaan, matig (Verken, p.8; Suksesvol, p.11)*	(1)
	1.1.20	A✓	*Onthou, matig (Verken, p.40; Suksesvol, p.42)*	(1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

1.2 1.2.1 Antioksidante✓

1.2.2 Stabiliseerders/emulsifiseerders✓

1.2.3 (Chemiese) preserveermiddels✓

1.2.4 Bleikmiddels/kleurmiddels✓ (4)

Onthou, maklik (Verken, p.93–94; Suksesvol, p.113–114)

1.3 A✓
C✓
E✓ (Enige volgorde) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)

1.4 1.4.1 D✓

1.4.2 C✓

1.4.3 E✓

1.4.4 B✓

1.4.5 F✓ (5)

Verstaan, matig (Verken, p.155, 156, 158,161,162; Suksesvol, p.169, 173, 175–179)

1.5 A✓
C✓
F✓
H✓ (Enige volgorde) (4)

Verstaan, moeilik (Verken, p.16; Suksesvol, p.24)

1.6 1.6.1 Heffing✓

1.6.2 Huur✓

1.6.3 (Omvattende huiseienaars-) versekering✓

1.6.4 Heffings/ eiendomsbelasting/ diensfooie✓ (4)

Verstaan, matig (Verken, p.117 ,122, 127, 128; Suksesvol, p.137, 139, 140, 145)

[40]

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: LANGVRAE

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Definieer die volgende terme:**

2.1.1 ***Verbruikersprysindeks (VPI)***

Die verbruikersindeks (VPI) meet/bereken/bepaal✓[1] die verandering in die prys van 'n groep produkte en dienste✓[2] oor 'n spesifieke tydperk/12 aande.✓[3] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p 167; Suksesvol, p 185)

2.1.2 ***Lopende betaalstelsel (LBS)***

Dit is belasting wat van 'n werknemer✓[1] se salaris op 'n maandelikse basis/ op dieselfde tyd wat hy/ sy inkomste verdien✓[2] afgetrek word. (2)

Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)

2.2 **Noem die liggaam wat vir die vasstelling van die repokoers verantwoordelik is.**

(Suid Afrikaanse) Reserwebank (SARB).✓ (1)

Onthou, matig (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)

2.3 **Maak 'n lys van DRIE basiese dienste wat deur munisipaliteite voorsien word.**

- Elektrisiteit✓[1]
- Water✓[2]
- Sanitasie/ rioolversameling✓[3]
- Vullis/ afvalverwydering✓[4] (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.183; Suksesvol, p.202)

2.4 **Noem TWEE tipes kredietkontrakte waar goedere en dienste aangekoop en later daarvoor betaal word.**

- Verbandlening✓[1]
- Banklenings/ lenings van finansiële instellings✓[2]
- Afbetalingskoop/ huurkoop✓[3]
- Winkelkredietrekeninge/ winkelkaart✓[4]
- Kredietkaart✓[5] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.155-156; Suksesvol, p.170–172)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

2.5 **Noem TWEE maniere om die verbruik van elektrisiteit te verminder wanneer klere drooggemaak word.**

- Hang wasgoed buite om droog te word in plaas daarvan om die tuimeldroër te gebruik.✓1
- Druipnat klere moenie getuimeldroog word nie/ droog klere per hand uit voordat dit getuimeldroog word✓2 omdat dit langer sal neem om droog te word.
- Gebruik die korrekte temperatuurverstelling op 'n tuimeldroër om die hoeveelheid elektrisiteit wat gebruik word te minimaliseer.✓3
- Gebruik slegs die tuimeldroër wanneer daar 'n volle lading is.✓4
- Gebruik 'n energiedoeltreffende tuimeldroër met 'n A-rangorde.✓5
- Jy kan die stryk van klere vermy deur klere onmiddellik uit die tuimeldroër te haal en dit sorgvuldig op te vou.✓6
- Maak seker dat die rubber seël ongeskonde (nie beskadig is nie) is om te voorkom dat ontsnap. ✓7
- Maak filters gereeld skoon om droogmaak tyd te verkort.✓8
- Moenie die tuimeldroër oorlaai nie.✓9
- Gebruik 'n gas tuimeldroër.✓10 (Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Verken, p.174; Suksesvol, p.193-194)

2.6 **Verduidelik waarom saamgestelde rente voordelig vir beleggings/ spaargeld is.**

- In saamgestelde rente, word rente op die oorspronklike belegging/ spaargeld/ bedrag✓1 verdien en op die rente wat alreeds ontvang is, verdien.✓2
- Geld groei vinniger✓3 oor 'n kort tydperk.
- Dit is 'n beter langtermynkeuse omdat dit hoër opbrengste lewer.✓4

(Enige 2) (2)

Verstaan, maklik (Verken p.166; Suksesvol p.184)

2.7 **Verduidelik waarom dit vir 'n verbruiker voordelig is om 'n produk te koop wat 'n waarborg/garansie het.**

- Dit verseker 'n verbruiker dat 'n produk aan die gehalte/ duursaamheid/ standaarde✓1 sal voldoen en vir 'n sekere tydperk✓2 in 'n werkende toestand✓3 sal bly.
- Dit verseker dat die produk herstel sal word✓4 indien dit enige defekte het sonder die koste aan die verbruiker.✓5
- Waarborg/garansie belowe dat die produk vervang✓6 sal word indien die produk nie binne 'n gegewe tydperk in 'n werkende toestand✓7 is nie.
- Dit laat toe dat die verbruiker terug betaal✓8 word indien die produk nie aan die terme waaroor daar ooreengekom is, voldoen nie.✓9
- Dit beveilig die verbruiker teen enige verlies.✓10 (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p.158; Suksesvol, p.175)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

2.8 2.8.1 **Identifiseer die tipe swendelskema wat in die SMS hierbo verteenwoordig word.**

Lotery/ pryskennisgewing-swendelskema.✓ (1)

Verstaan, matig (Verken, p.159; Suksesvol, p.177)

2.8.2 **Verduidelik waarom die SMS hierbo as 'n swendelskema beskou word.**

- Alex het 'n SMS ontvang, wat aangedui het dat hy 'n lotery boerpot gewen het.✓[1]
- Dit vereis dat Alex sy persoonlike besonderhede voorsien.✓[2]
- Alex moet 'n prosesseringfooi van $200 betaal om die prys te eis.✓[3]
- Die SMS het aangedui 'Moenie op hierdie verstommende geleentheid uitmis nie' alhoewel dit aandui dat hy/sy alreeds die lotery gewen het.✓[4]
- Daar is 'n spelfout (es) op die SMS wat 'n aanduiding is dat dit nie wettig is nie.✓[5]
- Dit klink te goed om waar te wees. ✓[6]
- Alex mag dalk nie in ‘n lotery boerpot deelgeneem het nie.✓[7]
- Daar is geen kontak besonderhede/ naam van die lotery verskaf nie.✓[8]
- ‘n Lotery kaartjie word op die perseel geëis en ‘n SMS word nie na die wenner/ Alex gestuur nie.✓[9] (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p.159; Suksesvol, p.177)

2.9 **Onderskei tussen die *inflasiekoers* en *die rentekoers*.**

- Inflasiekoers is die gemiddelde persentasie verhoging✓[1] in pryse van goedere en dienste in 'n jaar/ jaarliks✓[2] wat op die Verbruikersprysindeks (VPI)✓[3] gebaseer is.
- Rentekoers is die koers waarteen leners rente betaal✓[4] vir die geld wat hulle vanaf finansiële instansies leen.✓[5] Dit word op ‘n maand tot maand basis gehef.✓[6]
- Die rentekoers is ook die koers waarteen verbruikers rente op hul beleggings/ spaargeld ontvang.✓[7]
- Rentekoers word bepaal deur die repokoers.✓[8] (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p.166-168; Suksesvol, p.184–185)

LET WEL: Kandidate moet na beide die inflasiekoers en rentekoers verwys om 4 punte toegeken te word.

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

2.10 **Verduidelik die oorsake van die aanhoudende styging van pryse.**

- Die styging in die prys van elektrisiteit✓[1] het veroorsaak dat vervaardigers en verkopers hulle pryse verhoog om die styging in elektrisiteitkoste te dek.✓[2]
- Die pryse van grondstowwe styg✓[3] wat veroorsaak dat die verkoopprys styg.
- 'n Verhoging in die brandstofprys/ vervoerkoste✓[4] sal ook bydra tot die prysverhogings.
- Die vervaardigers/besighede het salarisse/ lone.✓[5] en huur verhoog✓[6] wat die besigheid meer geld kos/ die oorhoofse/bokoste verhoog✓[7] en die koste van die verhoging word by die prys van goedere en dienste gevoeg.✓[8]
- Stakings/ protesaksies/ onluste/ oorloë kan prysstygings veroorsaak.✓[9]
- Beurtkrag/ beurtwater mag oog prysstygings veroorsaak.✓[10]
- Die styging in die rentekoers✓[11] sou veroorsaak dat besighede wat skuld het meer geld sal betaal, om die skuld af te betaal.✓[12]
- 'n Verhoging in die inflasiekoers✓[13] het ook veroorsaak dat pryse styg.
- Indien die staat meer geld sonder versekering druk/ meer geld bestee as wat ontvang word.✓[14]
- Die verhoging in heffings/ suikerbelasting/ sondebelasting/ brandstof-belasting/ invoerbelasting/ wisselkoers✓[15] het ook die prysstygings van goedere en dienste veroorsaak.
- Oorstromings/droogte✓[16] kon 'n impak op plaaslike plase gehad het, wat lae gewasopbrengste✓[17] tot gevolg gehad het wat pryse laat styg het.

(Enige 5) (5)

Analisering, moeilik (Verken, p.164–168; Suksesvol, p.182, 184, 185)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

2.11 **Gemeenskappe en munisipaliteite het beide 'n verantwoordelikheid om die probleem te beveg.**

Regverdig die stelling hierbo.

Munisipaliteite moet ...

- gereeld✓[1]gemors/ afval van die gemeenskap kollekteer.
- afval stortingsterreine bou/ in stand hou/ bestuur✓[2] vir die kollektering van vullis.
- gemeenskappe aanmoedig om herwinbare afval te herwin✓[3] soos glas/ papier/ plastiek/ karton.✓[4]
- herwinningsareas voorsien.✓[5]
- "geen-storting" tekens/ borde/ kennisgewings opsit en verseker dat daar gevolge/ boetes✓[6] vir onwettige storting is.
- wheely-vullisblikke/ vullissakke✓[7] voorsien sodat diere nie swartsakke kan beskadig voordat dit gekollekteer word nie.
- gebruik heffings en eiendomsbelasting verantwoordelik om te verseker dat rommel gekollekteer word.✓[8]

Gemeenskappe moet ...

- hul gemors in 'n verantwoordelike manier weggooi✓[9] en hulle moenie rommel strooi nie.✓[10]
- eiendomsbelasting betaal✓[11] sodat munisipaliteite fondse het om afval te kollekteer.✓[12]
- hulle afval soos papier/ plastiek/ glas/ karton herwin✓[13] in plaas daarvan om dit weggooi.
- hul vullisblikke op dae van kollektering buite plaas.✓[14]
- gemeenskap skoonmaakveldtogte✓[15] organiseer.
- gemeenskappe moet aanbevelings en klagtes oor rommel wat nie gekollekteer/ verwyder is nie, op skrif in dien.✓[16]
- onwettige storting aan die munisipaliteit raporteer.✓[17]
- raadsvergaderings✓[18] bywoon om ondersteuning te toon of ingelig te bly van wat die munisipaliteit aangaande rommelverwydering✓[19] doen.

(Enige 8) (8)

Analisering, matig (Verken, p.183, 185; Suksesvol, p.203, 205)
LET WEL: Kandidate moet na beide munisipaliteit en gemeenskappe verwys om volpunte toegeken te word.

[40]

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Definieer die volgende terme:**

3.1.1 ***Cholesterol***

Dit is 'n sagte/ wit,✓1 wasagtige/ vetterige stof✓2 wat natuurlik in die bloed voorkom/ 'n komponent van liggaamselle/ hormone✓3 is en in die lewer en liggaamselle geproduseer✓4 word. (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.84)

3.1.2 ***Voedselsekerheid***

Dit is die vermoë van individue om voldoende/ genoeg✓1 voedsame✓2 voedsel wat veilig✓3 is op 'n daaglikse basis✓4 te verkry/ toegang te hê, om 'n gesonde/ aktiewe lewenstyl✓5 te handhaaf. (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.106; Suksesvol, p.128)

3.1.3 ***Organiese voedsel***

Organiese voedsel word op 'n omgewingsvriendelike manier/ deur die gebruik van tradisionele/ natuurlike boermetodes,✓1 sonder die gebruik van plaagdoders/ onkruiddoders/ chemikalieë/ bemestingstowwe✓2 gekweek. (2)

Onthou, maklik (Verken, p.104; Suksesvol, p.125)

3.2 **Maak 'n lys van inligting wat op 'n voedseletiket gevind word, wat met die voorkoming van voedselvergiftiging kan help.**

- Datumstempel/ merke✓1 (gebruik teen/beste voor)
- Bestanddele✓2
- Opberginstruksies✓3
- Gaarmaak/verhittinginstruksies✓4 (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.97; Suksesvol, p.117)

3.3 **Skryf 'n paragraaf om die verskil tussen *hoëdigtheid* lipoproteïen (HDL) en *laedigtheid* lipoproteïen (LDL) cholesterol te bespreek.**

HDL is die goeie✓1 cholesterol. Dit versamel oortollige cholesterol✓2en verwyder sommige cholesterol wat alreeds in die wande van die slagare neergelê✓3 is en vervoer dit na die lewer waar dit afgebreek en uitgeskei word.✓4 Dit verlaag die risiko van hartsiekte.✓5 Dit word deur oefening verhoog.✓6 LDL is die slegte/gevaarlike✓7 cholesterol. Dit bou in die slagare op✓8 wat die geleidelike vernouing✓9 van die bloedvate veroorsaak. Dit dra by tot hartsiekte.✓10 Dit word deur versadigde/transvetsure verhoog.✓11 (Enige 6) (6)

Verstaan, matig (Verken, p.74; Suksesvol, p.84)

LET WEL: Kandidate moet na beide HDL en LDL verwys volpunte toegeken te word.

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

3.4 **Bespreek hoe hepatitis A in die voedselomgewing oorgedra kan word.**

- Oordrag kan voorkom wanneer 'n besmette persoon nie sy/ haar hande was✓1 nadat die toilet gebruik is nie✓2 en dan aan voedsel/ drankies raak.✓3
- Swak sanitasie mag tot die oordrag van Hepatitis A lei.✓4
- Hepatitis A kan versprei wanneer 'n onbesmette of ongeïmmuniseerde persoon✓5 voedsel eet of drink wat deur die ontlasting/ uitskeiding✓6 van 'n besmette persoon, besmet is.
- Dit kan ook deur besmette voedsel/ water✓7 versprei. (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.89; Suksesvol, p.103)

3.5 **Verduidelik die voordele van die bestraling van vrugte en groente.**

- Vertraag die rypwording van vrugte.✓1
- Verminder verliese tydens vervoer en opberging.✓2
- Beheer die uitloop van uie, knoffel en aartappels.✓3
- Vertraag die vergroening van aartappels.✓4
- Verhoog/ verleng die raklewe van vrugte en groente.✓5
- Vernietig insekte in/ op tropiese vrugte wat ingevoer/ uitgevoer word.✓6
- Vermietig skadelike organismes dus voorkom dit voedseloordragbare siektes.✓7 (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.127)

3.6 **Verduidelik hoe anemie deur vegetariërs voorkom en bestuur kan.**

- Hulle behoort genoegsame hoeveelhede voedsel wat ryk aan yster✓1 en foliensuur✓2 te eet.
- Ander bronne van yster/ foliensuur is vis/ volgraan-graankosse/ peulgroente/ groen blaargroentes.✓3
- Hulle behoort ook voedsel wat vitamien C/ askorbiensuur✓4 soos donker blaargroente/ bessies/ sitrusvrugte/ tamaties✓5 bevat, te eet, omdat dit die absorpsie van yster bevorder.✓6
- Koffie/ tee moenie met 'n maaltyd ingeneem te word nie✓7 omdat dit die absorpsie van yster verlaag.✓8
- Vegetariërs behoort yster/ vitamine B_{12} aanvullings✓9 te neem omdat vitamine B_{12} slegs in dierlike voedsel✓10 gevind word.
- Voedsel insluit wat met vitamien B 12 gefortifiseer✓11 is. (Enige 6) (6)

Verstaan, matig (Verken, p.77; Suksesvol, p.91)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

3.7 **Bespreek die effek wat 'n dieet ryk aan vrugte, groente en vis op die voorkoming en bestuur van hipertensie en koronêre hartsiekte mag hê.**

- 'n Dieet hoog in vrugte, groente en vis verlaag die risiko en verbeter✓[1] die bestuur van hipertensie en koronêre hartsiekte.
- Vrugte en groente bevat antioksidante/ vitamien C/ askorbiensuur/ karoteen✓[2] wat die effek van vrye radikale minimaliseer✓[3] wat die risiko van hartsiekte verlaag.
- Vrugte en groente is ryk in (oplosbare) vesel✓[4] wat help om LDL (slegte cholesterol)✓[5] te verlaag, die slagare verstop en tot hartsiekte lei.
- Kalium/magnesium✓[6] wat in sommige vrugte en groente gevind word, is noodsaaklik vir bloeddruk regulering✓[7] wat druk op die slagare verminder✓[8] en die risiko van hipertensie verminder.
- Vrugte/ groente is laag in natrium/ sout✓[9] wat hipertensie sal verlaag.
- Vrugte/ groente bevat nie dierlike vet of cholesterol✓[10] nie. Dit sal die risiko van koronêre hartsiekte en hipertensie verlaag.
- Vrugte/groente bevat nie vet nie✓[11] en is laag in kilojoules✓[12] wat die risiko van vetsug✓[13] verlaag, en dus die risiko van hipertensie en koronêre hartsiekte verlaag.
- Donkergroen blaargroente soos spinasie/brokkoli bevat groot hoeveelhede fitochemikalieë✓[14] wat help om die opbou van cholesterol in die slagare✓[15] te verlaag en die risiko van arteriosklerose verlaag.
- Vis bevat onversadigde vette✓[16] wat die LDL (slegte cholesterol)✓[17] verminder dus die risiko van koronêre hartsiekte verlaag.
- Die vet in vis bevat omega 3 vetsure✓[18] wat die hart en die bloedvate beskerm.✓[19] (Enige 10) (10)

Analisering, moeilik (Verken, p.74,75,77; Suksesvol, p.83–88)

[40]

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Noem TWEE faktore wat modeverandering beïnvloed.**

- Sosiaal✓[1]
- Ekonomies✓[2]
- Tegnologies✓[3]
- Politiek/ Geregtelik✓[4]
- Kultureel✓[5]
- Verveeldheid met huidige modes.✓[6] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.49, 51; Suksesvol, p.53–55)

4.2 **Verduidelik die term *handelsmerk.***

'n Handelsmerk is enige woord/ simbool/ embleem/ etiket/ toestel/ naam✓[1] wat gebruik word om goedere te identifiseer/ onderskei✓[2] van die wat deur ander vervaardig/ verkoop word.✓[3] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.64; Suksesvol, p.28,71)

4.3 **Noem TWEE onwettige kledingpraktyke.**

- Handelsmerkrowery✓[1]
- Nagemaakte✓[2]
- Replikasie✓[3]
- Afslagkopieë✓[4]
- Vervalsing✓[5] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)

4.4 4.4.1 **Identifiseer die tipe mode wat deur die grafiek verteenwoordig word.**

Modegier✓ (1)

Verstaan, matig (Verken, p.49–50; Suksesvol, p.50–51)

4.4.2 **Noem die stadium in die modesiklus wat deur die volgende maande verteenwoordig word:**

(a) **Desember:** Bekendstelling/ begin/ loods✓ (1)

(b) **Februarie:** Piek/ hoogtepunt✓ (1)

Verstaan, maklik (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)

4.4.3 **Verduidelik wat met die koste van klereitems in die volgende maande gebeur:**

(a) **Februarie**

Die prys is meer bekostigbaar/goedkoper✓ en baie mense koop dit. (1)

(b) **Maart**

Die pryse het afgeneem/ die meeste items is op uitverkoping.✓ (1)

Toepassing, matig (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

4.5 **Bespreek die veelsydigheid van die skoene.**

- Die skoene kan formeel of informeel✓[1] gedra word.
- Kan in verskillende seisoene✓[2] gedra word.
- Kan vir verskillende geleenthede/ tipe werksplekke✓[3] gedra word.
- Kan deur mans of vrouens/ verskillende groepe✓[4] gedra word.
- Kan met of sonder sokkies✓[5] gedra word.
- Die skoene kan met 'n rok/ kortbroek/ langbroek/ romp✓[6] gedra word.
- Swart is 'n neutrale kleur wat dit maklik maak om met verskillende gekleurde klere✓[7] te dra. (Enige 4) (4)

Toepassing, matig (Verken, p.55; Suksesvol, p.62)

4.6 **Analiseer die langtermyn-effekte wat vinnige mode (fast fashion) op die natuurlike omgewing sal hê.**

- Vinnige mode hou vir 'n baie kort tyd wat beteken dat dit weg gegooi✓[1] sal word indien dit nie herwin kan word nie en op stortingsterreine (wiegie-tot-graf)✓[2] opeindig. Meer stortingsterreine sal benodig word✓[3] wat waardevolle/ produktiewe/ plaasgrond sal opgebruik.✓[4]
- Nie-bioafbreekbare tekstiele/ verpakking breek nie af nie✓[5] en sal op stortingsterreine ophoop wat grond/ lugbesoedeling veroorsaak.✓[6]
- Nuwe tekstiele moet gedurig✓[7] geproduseer word om die aanvraag vir nuwe klere✓[8] te vervul wat meer water✓[9] en elektrisiteit✓[10] vereis wat uitputting van natuurlike hulpbronne✓[11] veroorsaak en die koolstofvoetspoor/ aardverwarming✓[12] verhoog.
- Toksiese chemikalieë/ kleurmiddels✓[13] wat in die produksie van die tekstiele gebruik word, beskadig die natuurlike omgewing/water/ grondbesoedeling.✓[14]
- Die invoer van klere✓[15] van oral uit die wêreld kan lei tot lug/ geraasbesoedeling✓[16] wat hoë koolstofvrystellings tydens die vervoer veroorsaak.✓[17] (Enige 5) (5)

Analisering, moeilik (Verken, p.61-63; Suksesvol, p.67–69)

LET WEL: Water/Grond/Lugbesoedeling kan slegs een keer 'n punt toegeken word. **[20]**

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 **Noem die huiseienaaropsie wat deur 'n huiseienaarsvereniging/ korporatiewe liggaam bestuur word.**

Deeltitel/ kondominium✓ eienaarskap (1)

Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)

5.2 **Beskryf kortliks wat die huiseienaarsvereniging/korporatiewe liggaam is.**

- Elke eienaar is ‘n lid in ‘n deeltitelkompleks en vorm deel van die huiseienaarsvereniging.✓1
- Die groep mense/ trustees wat deur die eienaars van die eenhede in die kompleks verkies is,✓2 wat die kompleks beheer/ administreer/ bestuur/ bedryf .✓3

OF

- 'n Professionele bestuursagent wat deur die eienaars aangestel is.✓4

(Enige 1) (1)

Onthou, maklik (Verken, p.122–123; Suksesvol, p.140–141)

5.3 **Noem DRIE nadele van die aankoop van huishoudelike toestelle op krediet.**

- Terugbetalings van die toestel moet stiptelik/ betyds/ maandeliks/ oor ‘n lang tydperk✓1 betaal word wat verbruikers se besteebare inkomste mag verlaag.✓2
- Versuim om te betaal mag veroorsaak dat die toestelle teruggeneem word.✓3
- Daar is 'n sekere limiet wat bestee kan word/ deur die kredietverskaffer voorsien word.✓4
- Daar is ander koste soos rente/ administrasie/ aanvangsfooie wat betaal moet word/ strawwe vir laat betalings✓5 wat dit duur✓6 maak.
- Verbruikers kan nie vir ‘n afslag onderhandel nie.✓7
- Verbruikers kan meer bestee as wat hulle kan bekostig✓8 en kan op die swartlys✓9 geplaas word.
- Paaiemente moet steeds betaal word selfs as die toestel gebreek/ gesteel is.✓10
- Indien ‘n verbruiker ophou om die paaiemente te betaal verloor hy/sy al die geld wat alreeds betaal is.✓11

(Enige 3) (3)

Verstaan, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

5.4 **Maak 'n lys van die inligting wat by 'n huurooreenkoms ingesluit moet word om beide die huurder en die verhuurder te beskerm.**

- Die datum waarop die huur van die eiendom begin/ die lengte van die huurooreenkoms.✓1
- Besonderhede oor die hernuwing van die huurooreenkoms.✓2
- Die bedrag van die huurpaaiement✓3 en die datum waarop dit betaal moet word.✓4
- Huurvoorwaardes.✓5
- Klousules wat die regte en verantwoordelikhede van die huurder en huiseienaar aandui.✓6
- Eiendom-inspeksie voordat daar ingetrek word en nadat die huurooreenkoms verval.✓7
- Die huiseienaar se toegang tot die eenheid.✓8
- Reëls ten opsigte van die deposito/ water/ elektrisiteit/onderverhuring/ troeteldiere.✓9 (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.118; Suksesvol, p.138)

5.5 5.5.1 **Verduidelik die voordele van die energiebronne van die yskas/vrieskas.**

- Dit gebruik gas wat goedkoper✓1 as elektrisiteit is, dus die elektrisiteitkoste bespaar.✓2
- Dit sal na gas omskakel wanneer daar geen elektrisiteit is nie✓3 en voedsel sal nie bederf nie.✓4
- Dit skakel self oor na elektrisiteit indien die gas op raak.✓5
- Dit bespaar elektrisiteit/ verlaag die aanvraag vir elektrisiteit✓6 en verlig die lading op die land se oorbelaste toevoer,✓7 hierdeur word die negatiewe omgewingsimpak van die generasie/opwek van elektrisiteit verminder.✓8
- Alhoewel VP-gas 'n fossielrandstof is, is dit relatief skoon in vergelyking met steenkool/ olie/ minder lugbesoedeling✓9 en produseer minder koolstofdioksiedvrystellings.✓10
- Wanneer dit korrek gebruik word, is VP-gas heeltemal veilig,✓11 soos elektrisiteit. (Enige 4) (4)

Toepassing, matig (Verken, p.134, 176; Suksesvol, p.155, 193, 195)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

5.5.2 **Bespreek hoe die yskas/vrieskas menslike energie en tyd bespaar.**

- Die verbruiker sal nie per hand vanaf die gas of elektrisiteit moet skakel nie✓1 omdat dit outomaties omskakel.
- Die verbruiker hoef nie die reguleerder en pyp om die gas te koppel apart te koop nie,✓2 dit bespaar tyd.
- Die aluminiuminterieur/ metaal aan die buitekant is maklik om skoon te maak.✓3
- Deurskynende glas maak dit maklik om te sien wat binne is,✓4 sonder om die yskas oop te maak.
- Die yskas hoef nie oopgemaak te word om koue water te kry nie omdat dit alreeds buite is.✓5
- Dit kom voor asof dit wiele het, wat dit maklik maak om te beweeg/ onder skoon te maak.✓6
- ‘n Regop yskas/ vrieskas vereis nie ongemaklike buig nie.✓7

(Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.134, 136, 145; Suksesvol, p.140)

5.6 **Evalueer die negatiewe finansiële impak wat die nie-betaling van die akkommodasie op verhuurders sal hê.**

- Hulle sal nie in staat wees om hul verbandlenings te betaal nie✓1 en mag kontantvloei probleme✓2 hê kan mag veroorsaak dat hulle in skuld✓3 dompel word en op die swartlys✓4 geplaas kan word of hul eiendom verloor/ verkoop.✓5
- Hulle sal nie hul maandelikse versekeringsfooie✓6 kan betaal nie, wat duur mag wees indien daar enige probleme voorkom.✓7
- Hulle sal nie eiendomsbelasting✓8 aan munisipaliteite kan betaal nie wat hul skuld✓9 sal verhoog en veroorsaak dat basiese dienste nie voorsien word nie.✓10
- Hulle sal heraansluitingsfooie✓11 moet betaal om hul dienste her-aan- te sluit indien dit ontkoppel is.
- Dit sal vir hulle moeilik wees om hul eiendomme in stand te hou✓12 wat kan veroorsaak dat die waarde van die eiendom afneem.✓13
- Onbetaalde huur mag tot regskoste/ administratiewe uitgawes lei.✓14
- Dit mag veroorsaak dat verhuurders nie in staat wees om in ander eiendomme te belê nie.✓15

(Enige 5) (5)

Evaluering, moeilik (Verken, p.118, 124; Suksesvol, p.140,142)

[20]

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Noem die doel van die nakoming van produkspesifikasies.**

Dit is om te verseker dat alle produkte deurgaans dieselfde✓[1] is ten opsigte van voorkoms/ gehalte/ grootte/ gewig/ kleur/ styl.✓[2] Kliënte sal presies ontvang wat hulle verwag.✓[3] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.16; Suksesvol, p.21)

6.2 **Verduidelik die volgende terme**:

6.2.1 ***Winsopslag***

Die bedrag/ persentasie✓[1] wat by die kosprys van goedere✓[2] gevoeg word om oorhoofse/ bokoste✓[3] te dek en nog steeds geld vir 'n wins✓[4] oor te hê. (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.37; Suksesvol, p.39)

6.2.2 ***Beste-verkope-scenario***

Dit is 'n vooruitskatting oor wat kan gebeur✓[1] indien 'n produk baie goed verkoop.✓[2] Die besigheid was in staat om sy teiken vir verkope✓[3] en sy verkoopsdoelwitte te bereik/ 'n te wins maak.✓[4] (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.39; Suksesvol, p.41)

6.3 **Noem hoe 'n besigheid sy tyd doeltreffend kan gebruik.**

- Prioritiseer take vir die dag sodat dit betyds voltooi kan word.✓[1]
- Stel verrigting teikens sodat dit bereik kan word.✓[2]
- Verseker dat alle voorraad/ grondstowwe/ toerusting wat benodig word beskikbaar is vir aanhoudende produksie.✓[3]
- Vestig roetines en hou so ver moontlik daarby.✓[4]
- Beplan die gebruik van alle toerusting sodat dit ten volle benut kan word.✓[5]
- Voorkommende instandhouding van toerusting sal verlies van produksie tyd bespaar.✓[6]
- Beplan die gebruik van alle werkers om doeltreffend/ maksimaal te werk/ lei werkers op om meer produktief✓[7] te wees.
- Stel tydlimiete vir elke taak om voltooi te word/ stel werkskedules met tydtoewysing op.✓[8]
- Hou werkstasies georganiseerd en netjies vir 'n maklike vloei van werk.✓[9]
- Moenie take uitstel nie, voltooi hulle onmiddellik om tyd te bespaar.✓[10]

(Enige 2) (2)

Onthou, matig (Verken, p.24; Suksesvol, p.25)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

6.4 **Beskryf VIER kenmerke van volhoubare produsente.**

Hulle …

- gebruik goedere/dienste om lewensgehalte te verbeter en die behoeftes van verbruikers te bevredig.✓[1]
- produseer produkte wat nie skadelik vir menslike gesondheid is nie.✓[2]
- gebruik elektroniese opbergsisteme om die gebruik van papier te verminder.✓[3]
- maak gebruik van herwinde grondstowwe/verpakking.✓[4]
- maak gebruik van plaaslik vervaardigde grondstowwe/ verskaffers.✓[5]
- maak slegs die vereiste aantal produkte en nie onnodige produkte✓[6] nie om afval/vermorsing te voorkom.
- verminder afval deur te herwin.✓[7]
- gebruik grondstowwe oordeelkundig/ mors nie.✓[8]
- hergebruik materiaal en afval wat oorbly.✓[9]
- verseker dat die proses waarin 'n produk gemaak word, minimale impak op die omgewing het.✓[10]
- beskerm hulpbronne/ energie/ water/ grond.✓[11]
- verminder/ skakel die gebruik van chemikalieë/ toksiese stowwe uit.✓[12]
- gebruik die minimum verpakking✓[13] en verpakking wat bioafbreekbaar/ omgewingsvriendelik✓[14] is.
- produseer ekovriendelike produkte/produkte met lae koolstofvoetspoor.✓[15]
- gebruik natuurlike bestanddele.✓[16]
- gebruik hernubare bronne van energie/ sonenergie om koolstofvoetspoor/ besoedeling te verminder.✓[17]
- mors nie energie nie/is energiedoeltreffend.✓[18] (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p.27; Suksesvol, p.26)

6.5 **Verduidelik hoe die opleiding van personeel produktiwiteit in 'n besigheid verbeter.**

- Personeel sal vaardig✓[1] wees en kennis✓[2] hê van wat gedoen moet word/in hul werk vereis word.
- Personeel sal minder foute maak. ✓[3]
- Personeel mag in staat wees om onafhanklik✓[4] en vinnig✓[5] te werk in die produsering van produkte, dit bespaar tyd.
- Produksie sal nie tot stilstand✓[6] kom nie omdat personeel weet wat gedoen moet word.
- Daar sal minder herstelwerk/ toerusting wat breek✓[7] wees.
- Opleiding verhoog die moraal/ gemotiveerdheid✓[8] en dit verhoog produktiwiteit. (Enige 3) (3)

Toepassing, matig (Verken, p.25; Suksesvol, p.26)

6.6 6.6.1 **Verduidelik hoe die paartjie 'n potensieel winsgewende besigheidsgeleentheid geïdentifiseer het.**

- Aankoop van 'n koppie koffie was duur.✓[1]
- Hulle wou hê dat almal op 'n daaglikse basis toegang tot bekostigbare koffie het.✓[2] (2)

Onthou, maklik (Verken, p.7; Suksesvol, p.10)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

6.6.2 **Identifiseer die teikenmark van Expresso Kafee.**

Dit is mense wat lief is vir koffie✓1 gebak/ pasteie/ toebroodjies✓2 maar nie baie geld het om daaraan te bestee nie/met 'n lae begroting.✓3 (Any 2) (2)

Verstaan, maklik (Verken, p.34; Suksesvol, p.11)

6.6.3 **Beskryf hoe Expresso Kafee bemark is.**

Dit is mondelings ('word of mouth') deur kliënte✓1 bemark, kliënte het op sosiale media✓2 oor die prys gepraat en deur die vertoning op die radio✓3 en televisie.✓4 (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.30; Suksesvol, p.29)

6.6.4 **Bespreek waarom dit vir hulle belangrik was om twee jaar aan die verfyning van hulle model te bestee.**

- Dit het hulle tyd gegee om 'n SWOT analise te doen/ na hulle sterk punte en swakhede te kyk.✓1
- Hulle het geen ondervinding✓2 gehad nie daarom moes hulle kennis/ vaardighede verkry.✓3
- Om seker te maak dat hulle idee 'n moontlikheid vir sukses/ uitvoerbaarheid het.✓4
- Hulle moes verskaffers kry.✓5 (Enige 3) (3)

Toepassing, matig (Verken, p.8, 10, 35; Suksesvol, p.10,13,14,17,35)

6.6.5 **Die verkoopprys van R14,00 per koppie koffie sluit 30% wins in. Bereken die wins wat gemaak word indien 100 koppies verkoop was. Toon ALLE berekeninge.**

METODE 1:

R 14 ÷ 1.30 = R10.77✓1

wins per koppie R 14 – R 10.77 = R 3.23✓2 x 100 = R 323✓3

OF

30 ÷ 130✓4 x R 14 = R3.23✓5 x 100 = R 323✓6

METODE 2:

R14 x 30% = R4,20✓1 **OF** R14 x $\frac{30}{100}$ = R4,20✓2 **OF** R14 x 0,3 = **=** R4,20✓3

R4,20 x 100✓4 = R420,00✓5 (100 koppies)

OF

100 x R14 = R1 400✓6
R1 400 x 30%✓ = R420✓7 (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.39–40; Suksesvol, p.35–39)

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.

6.6.6 **Bereken die nuwe verkoopprys. Toon ALLE berekeninge.**

R14 x 45%✓[1]=R6,30 **OF** R14 x $\frac{45}{100}$ ✓[2]= R6,30 **OF** R14 x0,45✓[3]

=R6,30

R14 + R6,30✓[4] = R20,30✓[5]

OF

R14✓[6] x 1,45✓[7] = R20,30✓[8] (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.39–40; Suksesvol, p.35–39)

6.6.7 **Hulle besigheid is definitief in staat om hulle winsgewendheid vol te hou.**

Regverdig die stelling hierbo.

- Hulle produkte is bekostigbaar✓[1] in vergelyking met hul mededingers en meer produkte sal verkoop✓[2] word.
- Hulle het alreeds meer as 65 winkels landwyd✓[3] en verkoop meer as 50 000 koppies per dag.✓[4]
- Hulle verskaf 'n verskeidenheid produkte/ koffie/ gebak/ pasteie/ toebroodjies✓[5] teen dieselfde lae prys.✓[6]
- Die produkte wat hulle verskaf is nie seisoenaal✓[7] nie, dit is produkte wat verbruikers elke dag benodig.✓[8]
- Hulle het hul eie voedselfabriek✓[9] wat aan hulle 'franchises' verskaf wat beteken dat hulle nie ander verskaffers✓[10] hoef te betaal nie. Dit verseker ook konsekwente gehalte✓[11] produkte en hul kliënte weet wat om te verwag.✓[12]
- Hulle het 'franchises'✓[13] wat beteken dat baie mense hulle idee gebruik en hulle kry meer wins.✓[14]
- Hulle gebruik ‘n wye verskeidenheid bemarkingsmetodes/ televisie/ sosiale media/ radio✓[15] wat meer mense bereik. [16]

(Enige 8) (8)

Evaluering, moeilik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za verkies om eksamendokumente af te laai.